LWO
WERKGEWERSORGANISASIE
EMPLOYERS ORGANISATION

**DIE NASIONALE MINIMUM LOON 2021: KWYSTELDING**

Christo Bester (Bestuurder: Regsdienste, LWO Werkgewersorganisasie)
*BProc (UNISA), LLM Handelsreg (UP), Sert. in Gev. Arbeidsreg (UP)*

---




## Nasionale minimum loon

Ten spyte van die swak toestand van die Suid-Afrikaanse ekonomie, asook die impak van die Coronavirus (COVID-19) en negatiewe effek van die staat van inperking op werkgewers se finansiële posisie, het die Minister van Indiensneming en Arbeid op 8 Februarie 2021 in die Staatskoerant die gewysigde nasionale minimum loon afgekondig. Hierdie loon het op **01 Maart 2021** inwerking getree en beloop **R21.69 per uur**, ook so vir die landbousektor.

## Kwytskelding

Die betaling van die minimum loon is nie onderhandelbaar nie en moet betaal word. Werkgewers moet spesifiek let op Artikel 15 van die Nasionale Minimum Loon Wet, wat bepaal dat indien werkgewers nie die nasionale minimum loon kan bekostig nie hulle aanlyn aansoek om kwytskelding kan doen. Indien kwytskelding toegestaan word, sal die werkgewer steeds ten minste 90% van die nasionale minimum loon moet betaal. Kwytskelding is ook geldig vir 'n periode van maksimum 12 maande.

### Aansoek om kwytskelding

Die aansoek word aanlyn gedoen by http://nmw.labour.gov.za en vereis die stelsel die volgende inligting:

- **Alle werkgewers:**
  - Werknemers se werksure en vergoeding/looninligting.
  - Bewyse van konsultasie/oorlegpleging met elke verteenwoordigende vakbond (indien van toepassing) en met die betrokke werknemers wat nie deur sodanige vakbond verteenwoordig word nie.
  - Nadat die aanlyn aansoek voltooi is, moet die werkgewer die aansoek aflaai en 'n afskrif daarvan verskaf aan elke verteenwoordigende vakbond (indien van toepassing) en die betrokke werknemers wat nie deur sodanige vakbond verteenwoordig word nie.
- **Besighede moet die volgende addisionele inligting verskaf:**
  - Staat van finansiële prestasie: Inkomstestaat vir drie jaar (huidige jaarvoorspellings en twee vorige jare se inligting).
  - Staat van finansiële posisie: Balansstaat.

Indien kwytskelding toegestaan word, moet 'n afskrif van die kwytskeldingsertifikaat in die werksplek vertoon word, asook aan die betrokke werknemers en verteenwoordigende vakbond(e) waar van toepassing verskaf word. Kwytskelding sal slegs oorweeg word indien die werkgewer op datum is met alle wetlike betalings, insluitend die Werkloosheidsversekeringsfonds, die Beroepsbeserings- en vergoedingsfonds (Vergoedingskommissaris) en enige ander toepaslike heffings.

**Datum van inwerkingtreding**

Omdat die aansoek aanlyn gedoen word is die uitkoms onmiddellik beskikbaar, tensy die aansoek uitgesonder word vir 'n oudit (wat binne 30 dae vanaf die datum van aansoek sal plaasvind). Die uitkoms sal die datum van inwerkingtreding van kwytskelding bevestig, asook die tydperk waarvoor dit toegestaan word.

**Neem kennis van die volgende**

Dit moet onomwonde verstaan word dat die nasionale minimum loon slegs die loonbedrag per uur reguleer en dat alle ander arbeidswetgewing, insluitende Sektorale Vasstelling 13, steeds van toepassing is met verwysing na verlof, werksure, aftrekkings, oortyd, behuising, ens.

Dit is baie belangrik om in ag te neem watter rol arbeid in die werksomgewing speel en te verstaan dat wetgewing tot die werkgewer se voordeel gebruik kan word om die besigheid te beskerm. Dit is belangrik dat werkgewers hande vat met kundiges soos die LWO Werkgewersorganisasie om te verseker dat die besigheidsrisiko gekoppel aan arbeidswetgewing reg bestuur word en dat werkgewers nie hul besighede onnodig op risiko plaas nie.

---



**Nog nie lid van die LWO nie?**

As werkgewer, maak dit net sin om by die LWO aan te sluit en onbeperkte toegang tot ons regsafdeling, wat spesialiseer in arbeidswetgewing, te geniet. Verseker dat jy voldoen aan arbeidswetgewing en gebruik arbeidswetgewing tot jou voordeel om jou plaas en regte as werkgewer te beskerm.

**VIR ELKE TLU SA LID WAT AANSLUIT BY DIE LWO ONTVANG TLU SA R500.** Beskerm jou boerdery en versterk TLU SA.

Kontak TLU SA kantore vir meer inligting.